# St. Maria Goretti

## 6 Julie



(1890-1902)

Hierdie beminde moderne heilige word vereer as maagd en martelares. Dié oudste kind uit ’n arm kleinboer gesin was maar 12-jaar oud en tog was haar geloof so sterk en haar gewete so goed gevorm dat sy die ongewenste en onsedelike aandag van ’n jong buurman geweier het. Blind van woede het hy haar met ’n mes aangeval en so ernstig gewond dat sy uiteindelik aan haar wonde beswyk het. Op haar sterfbed het sy haar aanvaller vergewe.

© Die Oratorium Uitgewery